Preek

Sondag 23 Januarie 2011

Storie van Bill Gates

Ek vertel die storie omdat dit verwarring en die valse voorstellings oor die hemel en die hel en wat met ‘n mens gebeur wanneer jy doodgaan nogal mooi illustreer.

Daar is tans baie verwarring oor wat met ‘n mens gebeur na die dood – verskillende gelowe. Geen eenstemmigheid onder Christene nie. Mense wat nie Christene is nie, is ook verward want daar is baie idees en menings wat die rondte doen. Dit is vreemd, aangesien die Nuwe Testament kristalhelder hieroor is. Dit sê dalk nie vir ons wat ons alles wil weet nie – maar oor die heel belangrikste aspekte is die Bybel duidelik.

Tema: Die hemel is belangrik, maar dis nie die einde van die wêreld nie.

VRAELYS: Waar of vals?

- Nadat ons taak op aarde voltooi is gaan ons na ons hemelse tuiste om vir ewig te rus
- Wanneer Jesus weer kom gaan Hy ons kom haal om vir ewig by Hom te woon
- Wanneer ons sterf gaan ons onsterflike siel hemel toe en ons liggame vergaan
- Ons liggame en hierdie wêreld is eintlik onbelangrik vergeleke met ons ewige siele en die hemel
- Ons eintlike tuiste is die hemel en eendag gaan die aarde verwoes word en ons gaan in die hemel wees
- Redding beteken dat ons hemel toe gaan wanneer ons sterf

Hoekom hierdie onderwerp? Ek het weer onder indruk gekom van ons as mense se sterflikheid en die feit dat die lewe baie broos en kwesbaar is. Om dan weer te gaan lees wat die Bybel sê bied ongelooflik baie troos en bemoediging. Dit laat ons nie net met nuwe oë na die lewe kyk nie, maar dit vul ook ons lewens met nuwe sin en betekenis. Hoop en inspirasie.

Maar om die Bybel se uitsprake te verstaan is dit belangrik dat ons by die begin begin, naamlik Jesus self. Alles vloei daaruit voort. Daarna kyk ons na die lewe na die dood – wat dit alles behels. En daarna kyk ons na die lewe ná die dood.

[22]Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word. [23]Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort. (1 Kor 15:22-23)

Jesus het gesterf – net soos ons almal sterf. Hy is begrawe. Hy het na liggaam en siel gesterf. Maar Hy is opgewek uit die dood. Hy het na liggaam en siel opgestaan . Net so sal ons ook opstaan nadat ons gesterf het – na liggaam en siel. Maar watter soort liggaam sal ons hê?

[2]Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. (1 Johannes 3:2)

Die bedoeling hier is dat ons dieselfde soort liggaam as Christus sal hê. Dit word bevestig deur Paulus in Filippense 3:21

[21]Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees. (Filippense 3:21)

Watter soort liggaam het Jesus? Ons kan uit sy verskynings aan sy dissipels 'n paar afleidings maak: (1) Jesus het 'n verheerlikte liggaam – dit kon deur toe deure beweeg en dit kon verskyn en weer verdwyn. (2) 'n Herkenbare liggaam – die dissipels het Hom herken en hulle het ook die wonde aan die sy hande en voet herken. (3) 'n Liggaam van vlees en bloed – Jesus het byvoorbeeld saam met sy dissipels geëet. Dit was dus nie 'n spook of een of ander liggaamlose gees nie.

Daar is nie so iets soos spoke nie.

Ons gaan so 'n soort liggaam hê. Herkenbaar / van vlees en bloed / maar verheerlik. Wat bedoel Paulus met verheerlik?

[52]By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word. [53]Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike. (1 Korintiërs 15:52-53)

Met verheerlikte liggaam bedoel Paulus, onder andere, onverganklik, onsterflik. Dit sal nie meer onderworpe wees aan die natuurlike proses van aftakeling nie. So sal ons dus vir ewig lewe. In Romeine 8 sê Paulus dieselfde op 'n ander manier.

Wanneer gaan dit gebeur?

[2]Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. (1 Johannes 3:2)

Dit gaan gebeur met Jesus se wederkoms. Wanneer Jesus weer kom gaan die Here alles nuutmaak en heelmaak – die hele aarde en ook ons liggame.

Maar waar gaan ons intussen wees?

"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. [2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. (Johannes 14:2)

Griekse woord *monai* (woonplek) dui op tydelike rusplek op 'n lang reis. Die hemelse wagkamer. Dit rym met die uitspraak van Jesus aan die kruis:

Vandag sal jy saam met My in die paradys wees. (Lukas 23:42)

Paradys in Joodse literatuur ... rustige park waar die mense verfris kan word terwyl hulle wag vir die breek van 'n nuwe dag.

Vandag ... daardie selfde dag nog – voor sy opstanding. Dis waar Jesus was voor sy opstanding. Paradys is nie die hemel nie en ook nie ons finale bestemming nie.

[23]Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;

Paulus bedoel hier die hemelse wagkamer. Hy sê nie "ek verlang daarna om hemel toe te gaan en vir altyd en vir ewig met Christus te wees" nie. Ons lees dit soms in omdat ons met 'n bepaalde idee in ons gedagtes na die teks kom. Met Christus in die wagkamer van die hemel – waar Christus ons vertroos – want niks kan ons skei van sy liefde nie. Dis "die lewe na die dood".

As die "hemelse wagkamer" <u>tydelik</u> is wat gebeur daarna? Hier moet ons begin praat van die lewe ná die lewe na die dood. En hier moet ons nou finaal afskeid neem van enige oorblyfsels van die populêre siening van die hiernamaals.

Gedagte dat ons siel onsterflik is en dat ons liggame sterflik is kom uit die Griekse wysbegeerte – Plato. Dis kom nie uit die Bybel nie. Beide is sterflik – en gaan sterf. Maar beide gaan opgewek word wanneer Christus weer kom. Die gedagte dat wanneer ons doodgaan ons liggame vergaan terwyl ons siele hemel toe gaan is onBybels.

Daarmee saam is die gedagte dat ons na die dood direk hemel toe gaan en dit ons finale eindbestemming as mense is – dat dit ons eintlike tuiste is en dat ons "huis toe" gaan, is ook onBybels. Dis 'n ernstige verdraaiing en verdunning en verwatering van die eintlike boodskap van die Nuwe Testament. Daarom is die tema: die hemel is belangrik, maar dis nie die einde van die wêreld nie.

Jesus se wederkoms beteken ook nie die einde van die wêreld nie. Wanneer Jesus weer kom, sê die Bybel, gaan alles nuutgemaak word. Die hemel gaan op die aarde wees. God se woonplek gaan by die mense wees. Alles gaan heel wees – geen smart, geen pyn, geen hartseer – die trane gaan afgedroog word.

Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. [2]En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

[3]Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. [4]Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan."

[5]Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut." (Openbaring 21:1-5)

(1) Die Woonplek van God is nou by die mense – nie: die woonplek van die mense is nou by God nie. Wat met Jesus se wederkoms gebeur is nie dat ons dan hemel toe gaan nie, maar dat die God by die mense kom bly.
(2) Geen smart en pyn – onverganklik. Hemel op aarde.
(3) Die hemel en die aarde is nou een plek – vervulling van ons gebed: Laat U koninkryk, op die aarde soos in die hemel.

Moet ons terugsit en rustig wees in die wete dat ons wonderlike toekoms het? Nee, die teenoorgestelde. God maak ons deel van sy span – Hy roep ons om sy medewerkers te wees. (2 Kor 6)

[58]Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie. (1 Kor 15:58)

Ons is besig om te help bou aan ‘n ewige koninkryk. Ons is nie besig om die wiele van wa wat enige oomblik oor die afgrond gaan stort te olie nie. Ons is nie besig om die stoel op die dek van die Titanic te herrangskik nie. Ons is nie besig om ‘n skildery wat in die vuur gegooi gaan word te restoureer nie.

Al die dinge wat ons nou vir die koninkryk doen het ewigheidswaarde. Dit gaan alles deel word van God se nuwe wêreld. Met elke daad van liefde en diens, elke daad van heling en deernis, elke daad van bemoediging en troos is ons besig om te bou aan God se nuwe wêreld. Wanneer ons kos gee vir die wat nie kos het nie, klere vir wat nie klere het nie, water vir die wat dors is, dan verlig dit nie net die nood nou nie, maar is ‘n stukkie bouwerk aan God se ewige koninkryk.

Elke boom en plant wat ons plant, elke stukkie tuin wat ons maak, elke plank wat ons kap, elke baksteen wat ons lê in diens van die Here en sy kerk – dit is alles bouwerk aan die ewige koninkryk van God. Martin Luther het gesê die beste ding wat ‘n mens kan doen nadat hy gehoor het Jesus kom more, is om uit te gaan en ‘n boom te plant.

En wanneer Jesus weer kom en die aarde is nuutgemaak – dan gaan ons werk voort. God se nuwe wêreld is nie ‘n aftreeoord vir Christene nie. Ons oorspronklike opdrag word herhaal – naamlik om die skepping te bewerk en te bewaar en die potensiaal daarvan te ontgin. Vergeet van die harp speel op die wolke. Ons gaan werk – en ons gaan dit met oorgawe en vreugde doen. Ons behou ons identiteit. Ons behou ons persoonlikheid. Ons behou ons talente. Dit word net met nuwe inhoud gevul. Nuutgemaak, heelgemaak – ons word die mens wat ons bedoel was om te wees.

Dit is die hoop wat ons as Christene het. Dit gee ons energie en krag. Dit vul ons lewens met sin en betekenis.